



Nasionale inperkingstyd

Inhoudsvakke: Graad 4

Week 8: 8 Junie 2020 – 12 Junie 2020

Dag	Vak	Hulpbronne	Opdrag
Maandag 8 Junie 2020	NWT (Les 1)	NWT Handboek: bl. 81 tot 92 PowerPoint Wolkskool	1. Gaan deur die PowerPoint skyfies of kyk na die video. 2. Lees bl. 81 tot 92 (weet op watter drie maniere 'n mens papier kan versterk). 3. Gaan ook deur die Wolkskool skyfies: https://wolkskool.co.za/inhoud/natuurwetenskappe/kwartaal-2/5-maniere-om-materiale-te-versterk 4. Gaan mondelings deur die vrae op bl.92.
Dinsdag 9 Junie 2020	NWT (Les 2)	NWT Handboek: bl. 93 tot 98 PowerPoint Wolkskool	1. Gaan deur die PowerPoint skyfies of kyk na die video. 2. Lees bl. 93 tot 98 (Weet wat driehoeksvorming is en hoe om 'n struktuur daarmee te versterk). 3. Gaan ook deur die Wolkskool skyfies: https://wolkskool.co.za/inhoud/natuurwetenskappe/kwartaal-2/6-stutte-en-raamstrukture
Woensdag 10 Junie 2020	SW: Geografie	Sosiale Wetenskappe Handboek: bl. 40 tot 43 PowerPoint Wolkskool	1. Gaan deur die PowerPoint skyfies of kyk na die video. 2. Lees bl. 40 tot 43 (weet wat die verskil tussen 'n aardbol en 'n wêreldkaart is). 3. Gaan ook deur die Wolkskool skyfies: https://wolkskool.co.za/inhoud/sosiale-wetenskappe/kwartaal-2-geografie/6-die-wereldkaart-en-inligting 4. Laai vir ons jou voltooide- en ingekleurde wêreldkaart op ClassDojo.
Donderdag 11 Junie 2020	LV: PSW	Lewensvaardighede Handboek: bl. 81 en 82 PowerPoint YouTube	1. Gaan deur die PowerPoint skyfies of kyk na die video. 2. Kyk na die volgende YouTube videos: https://www.youtube.com/watch?v=V1BFLitBkco https://www.youtube.com/watch?v=Q8c2eP0A0GE 3. Lees deur bl. 81 en 82 (weet watter verskillende regte kinders het). 4. Laai jou aktiwiteit (prentjie van jou gunsteling reg) op ClassDojo vir ons.

	LV: Kuns	PowerPoint	Kom ons kyk watter pretles het Juffrou Suzanne hierdie week vir julle beplan. Laai asseblief weer vir ons jou kunswerk op ClassDojo.
Vrydag 12 Junie 2020	LV: Sang	Lewensvaardighede Handboek: bl. 76	<u>Eenheid 17: Bewegingsinne in 4 met gebruik van aksie-eenhede</u> Liewe Graad 4's Vandag gaan ons <u>bewegings</u> doen! Dit is mos iets wat julle elke dag doen: jy stap, spring, hardloop of kruip soms wanneer jy 'n speletjie op die vloer speel. Dit is bewegings wat jy doen sonder om eers daaraan te dink! Kom ons dink aan <u>verskillende maniere van hoe jy kan stap</u>: 1. Wanneer jy normaal stap, dan kan jy aan 'n soldaat dink. Hoe stap 'n soldaat? Links, regs, links, regs... of jy kan tel: 1 2 3 4... of: taa taa taa taa... 2. Wanneer jy moeg is, stap jy stadiger. Dit is lang, stadige treë. Dan klink dit so: Links ____ Regs ____ 1 2 3 4 taa - aa, taa - aa Hierdie 2 maniere vertel ons van: <u>Tyd</u>: jy kan stadiger of vinniger stap 3. <u>Grootte</u>: jy kan jou arms <u>ver swaai</u> of <u>naby swaai</u>. 4. <u>Gewig</u>: jy kan <u>liggies</u> stap soos 'n feetjie of <u>swaar</u> treë gee soos 'n olifant. 5. <u>Rigting</u>: jy kan na 'n <u>spesifieke plek</u> loop of net <u>doelloos rondwandel</u>. Jy kan nou al 5 maniere van stap probeer! Gebruik nou die volgende emosies terwyl jy stap: 1. Wees gelukkig en wys dit in jou stap.

			2. Wees baie hartseer terwyl jy stap. 3. Nou is jy baie kwaad terwyl jy stap. 4. En skielik is jy vreeslik bang terwyl jy stap. 5. En nou is jy baie opgewonde terwyl jy stap! Het jy agtergekom dat hierdie verskillende emosies jou stappatroon elke keer verander? Ek hoop julle het vandag heerlik saam met my op verskillende maniere gestap!
--	--	--	--

